Weekbrief 28/2019

06 September 2019

GESTIG 1870

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

REKORDEKSAMEN & TOETSREEKS AUGUSTUS/SEPTEMBER 2019

Die Gr. 12 Rekordeksamen en die toetsreeks vir gr. 4-11 is reeds aan die gang. Die eksamen vir Gr. 12 en toetsreeks vir Gr. 7-11 eindig op Dinsdag, 17 September. Die toetsreeks vir Gr. 4-6 eindig op Vrydag, 13 September.

SKOOLURE tydens die toetsreeks 07:30-14:00.

Geen Religie tydens toetsreeks nie.
GEEN Algemene Kennis gedurende Toetsreeks.
Die Rekenaarlokaal sal gesluit wees tydens die Toetsreeks.
Afsluiting: Vrydag, 20 September

BELEID OOR DIE HANTERING VAN AFWESIGHEDE TYDENS SBA AKTIWITEITE

Ons bring graag onder u aandag die beleid rakende die hantering van leerders wat afwesig is tydens die afneem van take, toetse en eksamens.

Afwesigheid sonder geldige verskoning word 1 punt aan die leerder toegeken; geen verdere geleentheid nie. Indien 'n leerder afwesig is met 'n geldige verskoning, sal leerder 'n verdere geleentheid kry om die taak te voltooi. Indien die taak nie voltooi kan word nie, word 'n SBA-punt bereken volgens die WKOD aanvaarde formule. Indien 'n leerder 'n formele eksamen mis, word die betrokke kwartaal se rapport beskou as onvolledig en die leerder kan nie in aanmerking kom vir die Top 10 Akademiese toekennings van dié kwartaal nie.

Vir prysuitdeling-doeleindes sal die WKOD formule toegepas word.

Bestuurderslisensie afsprake met sover moontlik voor die tyd met betrokke opvoeders gereël word sodat dit NIE bots met SBA aktiwiteite NIE. Die lys van aanvaarbare geldige verskonings is beskikbaar by die kantoor indien u sou belangstel.

Lenteskool Rooster: September 2019

	MAANDAG 23 Sept	DINSDAG 24 Sept	WOENSDAG 25 Sept	DONDERDAG 26 Sept	VRYDAG 27 Sept
08:00 - 10:30	FW 12	VBS 12	Musiek II VBS 12	Musiek II VBS 12	Musiek II
10:45 - 13:15	FW 12	Wisk 12	Wisk 12	Wisk 12	Wisk 12

PRYSUITDELING

Ons jaarlikse prysuitdeling vind op 3 Oktober plaas. Boekbewyse van R150 en R200 onderskeidelik word benodig.

Indien 'n kontantdonasie gemaak word, sal u naam op die prysuitdeling as 'n donateur genoem word en aan 'n boekbewys gekoppel word.

Donasies moet asb. voor Maandag, 16 September gemaak word.

Matrieksertifikate

Die volgende matrieksertifikate is nog nie afgehaal nie:

Elsa Basson, Chanté Jonas, Janno Louwrens, Cayleigh Otto, Daylan Rose, Sabrina September, Stefan Steyn & Arthur Jay Valentyn.

SKOOLFONDS

Baie dankie aan ons ouers wat gereeld hulle kind/ers se skoolfonds betaal.

Indien u nie die reëlings, soos ooreengekom met me Kriel (Finansies) kan nakom nie, skakel 022-9312174 of e-pos haar by admin@porterhs.co.za om die nodige reëlings te tref.